***Elohim se lesse***

**230** **Cyrenius** sê: "Ek het nou ‘n idee daarvan gekry, en dit lyk my darem of ek iets daarvan sal verstaan, maar van `n helder duidelikheid is daar nog lank nie sprake nie. Die geheel lyk of dit in `n geestelike verfyndheid wil oorgaan, wat `n heel ander realiteit oproep as dié waarby `n mens naastenby kan bepaal dat twee pere plus twee pere saam vier pere is. In hierdie opsig bestaan daar by my nog lank geen helder insig nie; want die afweeg van die kragte ten opsigte van mekaar is so subtiel dat hulle in `n wese soos ek moeilik `n geordende verhouding sal kan bereik, en in één en dieselfde wese nog so `n verhouding kan hê dat uit alle doen en late `n volmaakte, op Elohim gelykende wese kan ontstaan.

[2] Ek is van mening dat `n nuutgeskape wese, soos wat elkeen van ons een is, so iets in en uit homself onmoontlik ooit heeltemal tot stand sal kan bring. En hy kan dus ook nie in ‘n sekere sin alléén die skuld dra van die feit dat hy hom algeheel volgens die regte orde, of gedeeltelik, of dan miskien wel heeltemal téén die regte orde ontwikkel het nie. Want wie sou `n mens die volle skuld kan gee van sy wanopvoeding as hy vanaf sy geboorte nooit voluit die geleentheid gehad het om hom te ontwikkel in die verfynde vorme van omgang soos wat dit onder welopgevoede mense gebruiklik is nie?

[3] Hoe moet ons dit dan vir onsself voorstel dat die primitiewe geestelike wesens, dadelik nadat hulle as oergedagtes en oeridees van Elohim hulleself tot `n bestaan saamgevoeg het, ook al daardie insig sou kon hê waarmee hulle hulleself volgens die orde van die Skepper daarna sou kon ontwikkel het? Die in ‘n sekere sin persoonlike oerwese van satan kon onmoontlik so `n insig gehad het as byvoorbeeld Migael, anders sou hy hom net soos Migael ontwikkel het. Kortom, Meester, daar slinger ek nog baie tussen lig en donker heen en weer en ek weet nie hoe ek die lig nou so presies moet gryp nie! As ek te naby kom, dink ek dat dit my soos `n vlam sal brand, en verwyder ek my daarvan, dan is ek weer op die plek waar ek begin het.

[4] Daarom sal dit in elk geval vir my nog nodig wees om oor die behandelde onderwerp nog bietjie meer olie in die lamp van my verstand te gooi, sodat die geheel vir my, al is dit ook net ‘n bietjie, duideliker word. Want nou kom ek vir myself voor as iemand wat nog half aan die slaap is in die môre. Aan die een kant druk die liglose slaap nog op die oë, aan die ander kant werk die daglig in op die nog slaperige oë sodat hulle hulle nie meer heeltemal kan oorgee aan die slaap nie. Wek U daarom nou my oë maar liewer heeltemal, o Meester, anders kan dit my nog maklik oorkom dat ek in al die môrelig, in die volle besef van die goddelike orde in alle wysheid en liefde, tog nog verslaap!"

[5] **Ek** sê: "Ja, liewe vriend, Ek het jou vooruit gesê dat hierdie sake moeilik is om heeltemal te verstaan! Maar omdat dit juis jou doel is om in hierdie saak dieper insig te verkry, sal Ek wel probeer om deur beelde en gelykenisse vir jou `n bietjie beter insig te verskaf.

[6] Jy het dit egter totaal mis as jy meen dat Elohim die geskape wesens vir hul ontwikkeling aan hulleself oorgelaat het voordat hulle in staat was om die goddelike orde heeltemal in hulleself te herken en in al sy diepte te verstaan. Dit het baie onderrig voorafgegaan, en daar het baie lang tydruimtes verstryk tussen die eerste ontstaan van die eersgeskape orde in die eerste wesens en die periode waarin hierdie geeste hulleself moes gaan ontwikkel.

[7] Dink nou maar aan die tydruimte tussen Adam en jouself, en weet dat hierdie hele, al taamlik langdurige tydperk, tot op hierdie uur nog steeds maar net in beslag geneem is deur onderrig!

[8] En nou, na hierdie lang voorbereiding, het Ek Self uiteindelik gekom en toon nou die mense duidelik die paaie waarop hulle moet gaan deur hul eie innerlike krag, wat tot op hede al die tyd vir die beste moontlike vorming vir die pro en contra gehad het. Met My aanwesigheid word die mens nou die grootste vryheid van handeling gegee om sy lewe te voltooi en daarby kry hy `n nuwe wet van die Liefde, waarin met goddelike volkomenheid alle ander wette en alle wysheid uit Elohim inbegrepe is.

[9] As `n mens van nou af aan volgens hierdie nuwe wet sal lewe, sal hy sy lewe ook vas en verseker volkome volgens die goddelike orde vorm, en daarna ook in die volheid van die ware en vrye ewige lewe kan ingaan. As hy hierdie nuwe lewenswet egter nie wil aanneem nie en sy handelinge nie asof uit homself daarvolgens sal inrig nie, sal hy ook sekerlik nie die doel van die ware lewensvervulling bereik nie.

[10] Maar niemand sal dan kan sê: 'Ek het nie geweet wat ek moes doen nie!' En sou `n mens hier nog so ver vandaan sal sê: 'Die roep van Elohim het nie deurgedring tot my ore nie!', dan sal aan hom gesê word: 'Vanaf hierdie uur af is daar geen mens op die hele aarde wat nie in sy hart waargeneem het waarby hy hom moet hou nie.'

[11] Elkeen sal `n waarskuwende stem in sy hart kry wat vir hom sal aangee wat goed en alleen reg is. Wie hierdie stem sal hoor en daarvolgens sal

handel, sal die Groot Lig bereik en Hy sal alle weë van die goddelike orde vir hom verlig."

### *Die ontrou van Lucifer*

**231** "Die tydruimte vanaf Adam tot op hede is egter kort vergeleke met die, vir die menslike begrip `n byna eindelose duur vanaf die periode van die eerste ontstaan van die oergeskape wesens tot op die punt waarop hulle in die volle gebruik van hul vrye wil gestel was. En daar het weer so `n onmeetbare tydruimte gevolg vanaf hulle val tot by Adam en tot by ons!

[2] Kyk, daar is in die eindelose skeppingsruimte bepaalde oer- en tewens hoofmiddesonne, wat vanweë hulle te groot afstand, hoewel hulle onuitspreeklik baie keer groter is as hierdie aarde, hiervandaan ternouernood as klein glinsterende kolletjies gesien kan word - en dan slegs nog maar deur mense met baie skerp oë! Hierdie oersonne het ongeveer `n ouderdom gelykstaande aan die periode vanaf die val van die oergeeste tot op hede. En kyk, as `n mens die ouderdom van hierdie sonne sou wou bepaal volgens aardse jare, dan sou `n mens nie eens in staat wees om oor die hele aarde `n getal op te skryf waarin die eindelose hoeveelheid van aardjare voldoende uitgedruk sou wees nie! En as jy vir elke duisendmaal duisend aardjare (`n miljoen jaar) `n baie klein sandkorreltjie sou neem, en jy vul die hele aarde met hierdie sandkorreltjies, die seë inbegrepe, dan sou die tydsduur wat al die sandkorreltjes sou voorstel vir so `n oerson **nog veels te kort wees.**

[3] So `n periode het dus wel ontsettend lank geduur, maar beteken tog kwalik iets ten opsigte van die oerperiode waarin Elohim uit Sy gedagtes en idees die eerste geeste begin vorm en selfstandig gemaak het. Wat het daar in die eindelose lang periode nie alles gebeur vir die algehele ontwikkeling van die vrye wil van die oergeeste nie!

[4] En tog was daar aan die einde van die eindeloos lang vormingsperiode van die oergeeste nog `n oorgroot aantal van so `n aard wat, ofskoon hulle die korrekte vormingsweë van Elohim goed verstaan het, uiteindelik van `n vrye volg van hierdie weë tog niks wou weet nie. Hierdie geeste het liewer afgewyk van die gebode en goed aangegewe, georden-de weë van Elohim ter wille van die gouer te verkreë, maar kort durende voordeel, en het die weg van hul persoonlike verderf betree.

[5] Die vernaamste liggees, **wat woonplek gebied het aan ontelbare ander liggeeste**, wat almal ryklik voorsien was van talloos baie verstandelike vermoëns, het naamlik by homself gesê: 'Wat het ek verder nog nodig? Ek besit alle eienskappe wat Elohim ook het, en Elohim het al sy krag in my geplaas. Nou is ek sterk en het mag oor alles. Hy het alles wat hy het, weggegee, **en ek het alles geneem. Elohim het nou niks meer nie, maar ek het alles.** Laat ons dus maar eers sien of die voordeel wat volg op die oortree van die gegewe gebod, werklik maar van korte duur sal wees. Hy dink toe: Met ons huidige onbeperkte krag en mag sal ons die duur van die kort durende voordeel verseker vir ewighede kan verleng. Wie sal dit kan verhinder? Buiten ons is daar in dié eindelose ruimte, wat ons nou ingeneem het, geen hoëre mag en geen beter verstand as ons s'n nie; wie sou ons die voordeel dan kon betwis?

[6] Kyk, dit het die liggees by homself gedink en gesê en dus ook aan die afgesonderde geeste wat onder hom gestaan het. So gesê, so gedaan, en die gevolg was dat hy homself gevange geneem het in sy traagheid, waarin hy steeds 'n meer vaste vorm aangeneem het, en die gevolg daarvan was dan weer die vorming van die materie, alles volgens die goddelike orde, want die onafwendbare gevolg van die nie-onderhouding van die goddelike gebod was net so seker vooruit bepaal as die vrye toestand van die geeste wat die gebod van Elohim volkome aan en in hulle vervul het.

[7] En so het die hoofgees en saam met hom al sy verwante geeste hulleself deur hierdie val baie hardnekkig en verbitterd gevange geneem. Hoe lank dit hom egter sal geval om in gevangenskap te bly, dit weet buiten Elohim niemand in die hele oneindigheid nie, **ook nie die engele nie**.

[8] Maar dit is seker, dat daar nou uit die verlore seun van die lig die afgesonderde geeste weer deur die Mag van Elohim gewek word, en in die vlees as **kinders van die wêreld** geplaas word. Hulle kry die geleentheid, net soos die **kinders van bo**, om hulle te verhef tot die hoogste voleinding van die kinders van Elohim.

[9] Alle materie is daarom afgesonderde gees wat as siel in die gees van elke mens tot die ewige lewe wedergebore kan word. As alle afgesonderde geeste egter uit die materie van `n wêreld bevry sal word, dan het so `n wêreld ook heeltemal aan haar einde gekom.

[10] By `n wêreld soos die aarde sal dit egter ontsettend lank duur, maar eendag sal die einde tog kom.